**24 Augustus** **Skrifgedeelte: Matteus 14:13-21**
**Fokusgedeelte: Psalm 14:18**

## Jesus vermeerder ook jou nietige bydrae

Het jy al ’n onvermoë gevoel ten opsigte van jou kragte en gawes wat in jou bediening nodig is?

Ons weet as ware gelowiges dat ons nie net moet sê ons glo nie, maar dat ons geloof ook dade verg waarmee ons Hom moet dien. Hoeveel keer betrap ons ons dan dat ons te swak of onkundig voel om dit te doen wat van ons verwag word?

In die gelese gedeelte bring die dissipels net ’n karige twee vissies en vyf brode na Jesus toe. Hy neem dit in sy hande, seën dit, en daar gebeur die wonderwerk van oorvloedige voedsel.

Hierdie gedeelte leer ons om Jesus ten volle te vertrou met dit wat Hy ons gegee het. Bring jou gevoel van tekortkominge, jou onvermoë, jou oënskynlik nietige bydrae in gebed na Jesus toe en verwag dat Hy dit wat Hy jou gegee het, sal seën en jou met jou gawes sal gebruik tot groot invloed en ryke bediening in sy kerk en koninkryk.

*Sing: Psalm 21:1, 4* *Ds. LJ Buys (Rustenburg-Wes)*